2003 Tydskrif vir Regswetenskap 28(2): 222-229

*Kronieke / Chronicles*

# Vonnisoplegging by roof met verswarende omstandighede

## 1. Inleiding

In 'n saak[1] wat op 6 September 2002 voor die Kaapse Provinsiale Afdeling gedien het, is die hof, by monde van Griesel R en Oosthuizen WnR, met die interessante vraag gekonfronteer of daar verswarende omstandighede aanwesig is waar die klaer tydens 'n rooftog met 'n speelgoed vuurwapen gedreig is. Die klaer was nie ten tye van die rooftog bewus van die feit dat die beskuldigde nie met 'n ware vuurwapen gewapen was nie.

Die misdaad roof word deur Snyman[2] omskryf as

> die diefstal van 'n saak deur die wederregtelike en opsetlike gebruik van (a) geweld om die saak van iemand anders af te neem of (b) dreigemente van geweld om die besitter van die saak te oorreed om hom te berus in die wegname van die saak.

Burchell en Milton[3] definieer roof as

> the theft of property by intentionally using violence or threats of violence to induce submission to the taking of it from another.

Roof is van Romeinsregtelike oorsprong en het as *rapina* in die gemenereg bekend gestaan. *Rapina* is bloot as 'n gekwalifiseerde vorm van diefstal, naamlik diefstal met geweld, gesien en bestraf. Vandag word dit gesien as 'n samesmelting van die misdade aanranding en diefstal, wat meebring dat alle vereistes wat vir hierdie twee misdade geld ook op die misdaad roof toepassing vind.[4]

## 2. Betekenis en relevansie van verswarende omstandighede by roof

Artikel 1 van die *Strafproseswet* 51 van 1977 definieer "verswarende omstandighede" soos volg:

> (i) die hanteer van 'n vuurwapen of 'n ander gevaarlike wapen;
> (ii) die toediening van 'n ernstige liggaamlike besering; of

1 *S v Anthony* 2002 2 SASV 453 KPA.
2 Snyman 1999:519.
3 Burchell en Milton 1997:566.
4 Snyman 1999:520.

*Prof J le Roux, Departement Publiekreg, Universiteit van Pretoria.*

> (iii) 'n dreigement om 'n ernstige liggaamlike besering toe te dien deur die oortreder of 'n medepligtige hetsy voor of gedurende of na die pleging van die misdryf.

Artikel 51 van die *Strafregwysigingswet* 105 van 1997 skryf bepaalde minimum vonnisse vir sekere ernstige misdrywe voor. Artikel 51(2) bepaal die volgende:

> Ondanks enige ander wet maar behoudens subartikels (3) en (6), moet 'n streekhof of 'n Hoë Hof, met inbegrip van 'n Hoë Hof na wie 'n aangeleentheid kragtens artikel 52(1) vir vonnis verwys is, ten opsigte van 'n persoon wat skuldig bevind is aan 'n misdryf bedoel in —
>
> (a) Deel II van Bylae 2, die persoon, in die geval van —
>
> (i) 'n eerste oortreder, tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van minstens15 jaar vonnis;
>
> (ii) 'n tweede oortreder van enige sodanige misdryf, tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van minstens 20 jaar vonnis; en
>
> (iii) 'n derde of verdere oortreder van enige sodanige misdryf, tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van minstens 25 jaar vonnis;
>
> [Par. (a) gewysig by a. 33(c) van wet 62 van 2000.]

Deel II van Bylae 2 lees soos volg:

> Roof —
>
> (a) wanneer daar verswarende omstandighede is; of
>
> (b) van 'n motorvoertuig.

Dit is derhalwe duidelik dat die aan- of afwesigheid van verswarende omstandighede by roof die omvang van straf radikaal kan beïnvloed.

## 3. Suid-Afrikaanse regspraak

### 3.1 *S v Anthony* 2002 2 SASV 453 (KPA)

Die appellant het in die streekhof tereggestaan en is skuldig bevind op 'n aanklag van roof. Hy is daarop gevonnis tot die verpligte minimum van 15 jaar gevangenisstraf. Alhoewel die klagstaat dit nie spesifiek vermeld nie, het die streeklanddros by die vasstelling van 'n gepaste vonnis bevind dat verswarende omstandighede tydens die rooftog aanwesig was deurdat 'n vuurwapen gebruik is. Die misdaad het derhalwe binne die trefwydte van die *Strafregwysigingswet* [5] geval. Soos reeds aangetoon, resorteer roof met verswarende omstandighede onder Deel II van die Bylae. Die appellant kom gevolglik, in die onderhawige hof, in hoër beroep teen die skuldigbevinding sowel as die vonnis.

---

5 105/1997.

Die feite toon dat die appellant tydens die rooftog slegs met 'n *speelgoed vuurwapen* 'gewapen' was en dat hy die klaer daarmee gedreig het. Griesel R was tevrede, en dit is ook deur advokaat Seth namens die appellant toegegee, dat die streekhof die appellant tereg aan roof skuldig bevind het. Die kardinale vraag waaroor die onderhawige hof egter moes beslis, is of daar inderdaad verswarende omstandighede tydens die pleging van die betrokke misdaad aanwesig was. Hierdie vraag moet, volgens die hof, objektief beoordeel word.[6]

Dit is voor-die-hand-liggend dat die definisie van "vuurwapen" nie 'n speelgoed vuurwapen insluit nie en gevolglik kon die huidige saak nie onder die eerste been van die definisie van "verswarende omstandighede" tuisgebring word nie. Volgens die derde been van die definisie is verswarende omstandighede egter ook aanwesig indien daar 'n dreigement was om ernstige liggaamlike beserings toe te dien. Uit die getuienis van die klaer blyk dit duidelik dat daar wel sodanige dreigement bestaan het:

> By die bushalte het hy (die appellant) my meegedeel dat hy ook na my horlosie verlang en geld en die goedere wat ek dra. Ek het hom meegedeel dat daar is nie 'n manier dat ek vir hom my horlosie sal oorhandig, nog minder die goedere wat ek dra. Hy het toe vir my gedreig en gesê … by hierdie tyd het hy die vuurwapen uitgehaal al, toe is die vuurwapen nou in sy broeksak; en hy het my gedreig en gesê hy sal sommer uit sy broeksak uit skiet. Ek het toe vir hom gesoebat en gesê dat hy moet dit nie doen nie, hy moet nie die ding doen wat hy probeer doen want ek was nie daarvan seker of dit nou 'n regte vuurwapen is of speelgoed nie.[7]

Die hof verwys ook in hierdie verband na die onlangse, ongerapporteerde uitspraak van die Kaapse Provinsiale Afdeling in die appèl van *Calvin Render v Die Staat*.[8] In daardie saak het die hof, by monde van Traverso ARP (Fourie WnR samestemmend), toegegee dat die appellant in daardie saak inderdaad deur middel van 'n speelgoed vuurwapen die klaers met ernstige liggaamlike beserings gedreig het en hul sodoende getraumatiseer het.

Die hof is gevolglik tevrede dat die streeklanddros tereg bevind het dat die appellant die klaer in die onderhawige saak wel met ernstige liggaamlike besering, soos die definisie van "verswarende omstandighede" lui, gedreig het. Om hierdie rede was daar, volgens die hof, dan wel verswarende omstandighede tydens die pleging van die roof aanwesig.

Die volgende vraag wat deur die hof oorweeg moes word, is of daar wesenlike en dwingende omstandighede aanwesig was wat die oplegging van 'n mindere vonnis as die statutêr-voorgeskrewe minimum vonnis van 15 jaar gevangenisstraf regverdig het. In hierdie verband bepaal artikel 51(3)(a) van die *Strafregwysigingswet* [9] soos volg:

6 Op 454j.
7 Op 455c-d.
8 Op 456a.
9 105/1997.

> Indien 'n hof in subartikel (1) of (2) bedoel, tevrede is dat daar wesenlike en dwingende omstandighede bestaan wat die oplegging van 'n mindere vonnis by daardie subartikels voorgeskryf regverdig, teken hy daardie omstandighede in die notule van die verrigtinge aan en kan hy daarop sodanige mindere vonnis oplê.

Die streeklanddros het hierdie aspek van vonnis soos volg benader:

> As daardie Wet nie hier was wat vir hierdie hof kan dwing om vir u 15 jaar te gee nie, dan sou hierdie dinge (wat die hof nou vir u genoem het) dinge gewees het wat heel warskynlik (*sic*) in u guns sou getel het, met ander woorde, wat die straf self vir u dalk beter sou kon gemaak het. Maar hierdie dinge is dinge wat hierdie howe, die streekhof elke dag sien; dit is die manier waarop die rowe plaasvind daarbuite. En hierdie hof kan nie vandag bevind dat daardie dinge só belangrik is dat die hof hierdie vonnis kan minder maak nie, en die hof kan ook nie bevind dat dit dinge is wat hierdie hof "force" om dit te doen nie.[10]

Die hof het, met inagneming van die riglyne neergelê in *S v Malgas*,[11] bevind dat die streeklanddros 'n mistasting begaan het deur die toets vir wesenlike en dwingende omstandighede te hoog te stel. Weens die feit dat die appellant se persoonlike omstandighede nie uit die oorkonde blyk nie en dat die appellant se prokureur se betoog voor vonnisoplegging in die streekhof nie getranskribeer is nie, was die onderhawige hof nie by magte om te bepaal of wesenlike en dwingende omstandighede wel aanwesig was al dan nie. Gevolglik is die appèl teen die skuldigbevinding van die hand gewys maar die opgelegde vonnis ter syde gestel. Die aangeleentheid is daarna na die streekhof terugverwys vir vonnisoplegging *de novo*.[12]

## 3.2 *S v Mbele* 1963 1 SA 257 (N)

Die beskuldigde in hierdie saak het tereggestaan op een aanklag van roof met verswarende omstandighede, waarop hy onskuldig gepleit het, en nog drie verdere aanklagte ingevolge die *Wet op Wapens en Ammunisie*[13] waarop hy skuldig gepleit het (welke aanklagte nie hier bespreek sal word nie). Dit blyk dat die beskuldige op 27 Maart 1962 op 'n bus geklim het wat deur ene Mahmud Ismail Vawda (die klaer) bestuur is. Vawda het getuig, en hierdie getuienis is deur die hof aanvaar, dat hy deur die beskuldigde met 'n pistool gedreig is as gevolg waarvan hy (Vawda) sy geld en horlosie aan die beskuldigde oorhandig het. Volgens die beskuldigde was die pistool egter nie gelaai toe hy die bus binnegegaan het nie aangesien hy alle koeëls in sy aktetas, wat op sy fiets was, gelaat het. Hoewel daar onsekerheid oor hierdie aangeleentheid bestaan het, het die hof tog die beskuldigde se weergawe in sy guns aanvaar. Dit was derhalwe vir die hof duidelik dat die beskuldigde

10 Op 455f-g.
11 2001 1 SASV 469 (HHA) in para [25].
12 Op 457c.
13 28/1937.

wel aan roof skuldig was. Die belangrike vraag was egter, weereens, of daar verswarende omstandighede tydens die roof aanwesig was al dan nie.

Die regsvraag waaroor die hof in wese moes beslis, kan soos volg geformuleer word: kan 'n persoon wat geen liggaamlike besering toegedien het nie, wel dreig om sodanige besering toe te dien (met verwysing na die definisie van 'n "verswarende omstandigheid") waar hy die klaer met 'n leë pistool dreig? Anders gestel: wat is die effek van die beskuldigde se onvermoë om sy dreigement van liggaamlike besering uit te voer, op die aan- of afwesigheid van verswarende omstandighede tydens roof?

Volgens die hof is dit duidelik dat verswarende omstandighede by roof 'n blote *dreigement* om ernstige liggaamlike besering toe te dien, insluit. Dreigemente kan voorts deur woorde of blote dade gemaak word. Dade of gebare kan net so veelseggend soos woorde wees, aldus die hof. Aangesien 'n blote gebaar, soos die rig van 'n vuurwapen in hierdie geval, 'n dreigement van ernstige liggaamlike besering kan daarstel volg dit dat die rig van enige vuurwapen, hetsy dit ammunisie bevat of nie, as 'n verswarende omstandigheid kan kwalifiseer. Die beskuldigde se onvermoë om in die omstandighede die vuurwapen af te vuur impakteer dus geensins op die aanwesigheid van verswarende omstandighede nie. Die hof, by monde van Miller R, laat hom soos volg hieroor uit:

> The wording of the relevant enactment is clear and it says that aggravating circumstances in relation to robbery mean and include a threat to inflict grievous bodily harm. It is, to my mind, a question of fact whether the accused in any given case actually threatened to inflict grievous bodily harm. If he did, then the requirements of the section are complied with. There is no doubt that threats can be made not only by words but also by conduct; a man who points a fire-arm at another and says – "Hand over your money" does not need to add – "… if you don't I shall shoot you". The pointing of the fire-arm is as eloquent as any words could be. There can clearly be a threat by conduct and by implication for the purposes of the section.[14]

Die hof het gevolglik tot die konklusie gekom dat die beskuldigde skuldig is aan roof met verswarende omstandighede deurdat hy, deur blote gedrag, gedreig het om ernstige liggaamlike besering aan die klaer toe te dien.[15]

## 3.3 *S v Zonele and Others* 1959 3 SA 319 (A)

In hierdie saak was die klaer ene Roberts, 'n winkeleienaar. Op die aand van 28 Mei 1958 was die klaer en sy vrou per motor na hul woning onderweg toe hul 'n man langs die pad sien lê. Dit was deel van 'n ooreengekome plan tussen die drie appellante. Toe Roberts die motor tot stilstand bring het al drie appellante (insluitende die man wat langs die pad gelê het) die motor genader. Die derde appellant het 'n rewolwerskoot in die grond afgevuur, vir Roberts vasgedruk, 'n rewolwer in Roberts se nek gedruk en geld van hom

14 Op 260A-B.
15 Op 260G.

geëis. Die tweede appellant het 'n vuurwapen op mevrou Roberts gerig. Hierdie vuurwapen was *nie in 'n werkende toestand nie en dus nie in staat om te vuur nie.*[16] Die eerste appellant het die klaer se hande met 'n tou vasgebind waarna die tweede en derde appellante met mevrou Roberts na hul winkel gery het terwyl die klaer op die toneel agtergelaat is waar die eerste appellant hom met 'n swaard gevange gehou het. By die winkel het die tweede en derde appellante onder andere geld, gewere en ammunisie gesteel. Hierna het hul teruggery na waar hul die klaer agtergelaat het. Beide die klaer en sy vrou is daar vasgebind met toue waarna al drie appellante te perd gevlug het. Op hierdie feite is al drie appellante deur die hof *a quo*, by monde van O'Hagan R, aan roof met verswarende omstandighede skuldig bevind. Die tweede en derde appellante is ter dood veroordeel terwyl die eerste appellant tien jaar gevangenisstraf sowel as ses houe lyfstraf ontvang het. Die appellante het gevolglik in hoër beroep gekom teen die vonnis.

Die onderhawige hof van appèl bevestig die teenwoordigheid van verswarende omstandighede by elk van die drie appellante se optrede. Holmes AJA laat hom soos volg uit:

> (a) the third appellant threatened Roberts with grievous bodily harm when he fired a shot into the ground, pressed the revolver into his neck, and said 'This is a hold-up, I want your money'. It amounted to the traditional threat of the highway man — 'Your money or your life'.
>
> (b) the second appellant threatened Mrs Roberts with grievous bodily harm when he pointed a fire-arm at her in the car. The fact that it was not in working order seems to me irrelevant.
>
> (c) the first appellant threatened Roberts with grievous bodily harm by mounting guard over him with a sword. The fact that it was still in its scabbard seems to me irrelevant. In effect he was saying to Roberts 'If you attempt to escape I shall draw and use this sword'.[17]

Dit dien daarop gelet te word dat die hof dit in duidelike terme stel dat die feit dat die vuurwapen buite werking was, irrelevant was. Trouens, die hof in *S v Mbele* vind steun vir sy beslissing in die *Zonele*-uitspraak en beskryf dit as:

> … decisive of the question which I have mentioned, namely whether a person can be said to threaten grievous bodily harm if he has not the means at his disposal to carry out the threat.[18]

In die lig van die onderhawige hof se bevinding dat verswarende omstandighede inderdaad tydens die rooftog aanwesig was, is al drie die appellante se appèl teen die vonnis afgewys.[19]

16 Op 329D.
17 Op 329F-G.
18 Op 260C.
19 Op 331G.

## 4. Konklusie

Die mees onlangse Suid-Afrikaanse regspraak dui daarop dat die misdaad roof met verswarende omstandighede gepleeg kan word selfs al is die dader met 'n speelgoed vuurwapen "gewapen". Die posisie is dieselfde waar die dader met 'n ongelaaide of stukkende vuurwapen gewapen is. Hierdie posisie word teweeggebring deur die feit dat verswarende omstandighede aanwesig is waar die dader bloot *dreig* om die klaer 'n ernstige liggaamlike besering toe te dien.

Dit blyk dat die klem nie val op die voorwerp waarmee die dader dreig om die klaer 'n ernstige liggaamlike besering toe te dien nie. Die dader se vermoë of onvermoë om hierdie dreigement uit te voer is ook nie bepalend vir die aan- of afwesigheid van verswarende omstandighede nie. Solank die klaer subjektief vrees dat die dader van voorneme is om aan hom 'n ernstige liggaamlike besering toe te dien, welke vrees voortspruit uit 'n dreigement van die dader, is daar verswarende omstandighede by die roof aanwesig. 'n Blote gebaar deur die dader is, ten slotte, voldoende om sodanige dreigement daar te stel.

## Bibliografie

BURCHELL J & MILTON J
1997. *Principles of criminal law*. Kaapstad: Juta.

SNYMAN CR
1999. *Strafreg*. Durban: Butterworths.